SIZA Nuus
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA
Volume 3, Uitgawe 6
Oktober 2017

INHOUD:

SIZA Omgewingsmodule 1
SIZA Omgewing: Algemene Vrae 1
SIZA Ouditfrekwensie 4
Regverdige Arbeidspraktyke 5

# SIZA OMGEWINGSMODULE

Die nuwe selfbeoordelingsvraelys (SAQ) is gebaseer op die SIZA Omgewingstandaard en is beskikbaar op die SIZA Platvorm. Ontwikkeling hiervan gaan voort en die volledige SIZA omgewingsmodule sal teen vroeg 2018 voltooi wees op die Platvorm. Ons sê dankie aan al die produsente wat reeds hul Omgewingsvraelys voltooi het – ons het reeds 70 voltooide SAQ's oor die afgelope maand ontvang vir evaluasie en goedkeuring.

ALLE SIZA lede kan hierdie aanvullende Omgewingsvraelys voltooi, maar dit is nie 'n voorvereiste vir almal nie. Slegs lede wat deur hulle markte (groothandelaars, uitvoerders en invoerders) daarvoor gevra word, hoef tans die SIZA Omgewingsvraelys te voltooi, asook alle lede wat sigbaarheid deur die SIZA AB profiel op SEDEX wil verkry.

*Neem kennis: Die Omgewingsvraelys stel lede in staat om oorvleulende inligting vanaf hulle huidige Sosiale SAQ na die Omgewings-SAQ oor te dra eerder as om dit twee keer in te vul, maar die Omgewings-SAQ word nie outomaties met die inligting toegerus nie. Die gebruiker/produsent moet hierdie funksie kies om dit te laat gebeur.*

Algemene Vrae oor die SIZA Omgewingsvraelys (SAQ):

SIZA het kragte saamgespan met WWF-SA (die *World Wide Fund for Nature*) om 'n omgewingstandaard met ondersteunende hulpmiddels te skep. Dit onderskraag SIZA se langtermyn visie dat omgewingsrentmeesterskap integraal as deel van volhoubaarheid aangebied moet word.

Die SIZA Omgewings-selfbeoordelingsvraelys (SAQ) is reeds sedert middel Augustus op die SIZA Platvorm beskikbaar en die positiewe reaksie daarop bevestig die behoefte aan hierdie module. Ons spreek dus nou 'n paar van die algemene vrae oor hierdie hulpmiddel aan wat reeds in die SIZA kantoor ontvang is, om bewustheid van die standaard aan te wakker en 'n paar basiese feite daar te stel.

**WAT IS TANS BESKIKBAAR?**
Dis SIZA Omgewingstandaard en -SAQ is ontwerp om produsente te help om hul huidige nakomingsvlak en omgewingsrisiko's te bepaal, beide op plaas/pakhuis- en streeksvlak. Die SAQ is op die Platvorm beskikbaar aan SIZA lede en die Standaard kan op die SIZA webtuiste afgelaai word as aanvullende inligting.

**WATTER ONDERWERPE WORD AANGESPREEK?**
Die SAQ dek 'n wye reeks kwessies vanaf minimum regsvereistes tot beste praktyke oor vier hoof-onderwerpe: (1) water, (2) grond, (3) energie, materiaal en afval, en (4) ekosisteme en biodiversiteit op plase. Daar is ook oorhoofse afdelings oor beleid, risikobepaling en bestuurspraktyke. Die funksionaliteit om vrae oor die plaas en die pakhuis te skei sal binnekort beskikbaar wees op die Platvorm sodat toepaslike vrae op verskillende vlakke beskikbaar is vir voltooiing.

### HOE VERGELYK DIE ZIZA OMGEWINGSTANDAARD MET ANDER?

Die SIZA Omgewingstandaard is baie omvattend en is reeds gemaatstaf teenoor prominente internasionale standaarde om die regte vlak van omgewingsversekering te behaal, terwyl plaaslike omgewingsfaktore ook in ag geneem word.

### HOEKOM MOET EK DIT DOEN?

Dis SIZA Omgewings-SAQ sal jou help om omgewingsrisiko's in jou besigheid en in jou streek te identifiseer en prioritiseer. Indien jy hierdie risikos verstaan, veral in die lig van die onsekerheid oor ons watervoorraad en toenemende insetkostes, kan jy proaktief optree deur faktore te monitor wat verbeterings en doeltreffendheid bewerkstellig. Dit sal help om jou besigheid meer volhoubaar te maak vir die toekoms. Boonop vereis heelwat markte dat hulle verskaffers hul volhoubaar-heidsrisiko's moet meet en daaroor verslag moet doen. Die SIZA omgewingsmodule is die beginpunt vir hierdie proses.

### HOE LANK SAL DIT NEEM OM TE VOLTOOI?

Die SAQ bevat 180 vrae en neem gewoonlik 1–2 ure om in te vul as al die ondersteunende dokumentasie byderhand is.

### IS DAAR 'N "SLAAGSYFER" WAT BEHAAL MOET WORD?

Siende dat dit 'n selfbeoordelingsassessering is, is daar geen slaag- of druipsyfer wat deur SIZA toegepas word nie. Dit is wel belangrik om eerlik te wees wanneer jy die vraelys invul – die doel is nie om 'n goeie "punt" te behaal nie, maar eerder om 'n realistiese resultaat te kry wat jou besigheid se risiko's akkuraat weerspieël. Dit sal jou help om 'n betekenisvolle volhoubaarheidstrategie te ontwikkel. Markte vereis tans ook nie 'n sekere "slaagsyfer" nie, maar spits hul liewer toe om 'n volledige SAQ en verbeteringsplan te sien wat jou prestasie teenoor jou grootste risiko's oor 'n tydperk aandui.

### HOE KAN EK TEGNIESE HULP KRY OM DIE VRAE TE BEANTWOORD?

Jy kan die SIZA kantoor kontak wat gereed staan om enige vrae oor die omgewings-SAQ te beantwoord. Die WWF-span help ons ook tans om aanvullende dokumente en template te ontwikkel wat binnekort in die Biblioteek beskikbaar sal wees. Indien jy addisionele hulp nodig het om die SAQ te voltooi of om die resultate te verstaan, kontak asb. die SIZA kantoor om 'n afspraak te maak.

### WAT GEBEUR MET DIE ANTWOORDE WAT EK VERSKAF?

Die proses is dieselfde as vir die SIZA Sosiale SAQ – indien jou SAQ voltooi is, dien jy dit in vir tegniese evaluasie. Die SIZA omgewingsbeampte sal jou SAQ nagaan om seker te maak dat die antwoorde volledig en gepas is, en sal dan die SAQ goedkeur of terugstuur met komentaar en/of vrae. Wanneer die SAQ goedgekeur is, word die lid in kennis gestel. Indien jy SEDEX sigbaarheid vereis het, sal die inligting oorgedra word na die SEDEX platvorm en sigbaarheid sal gegun word aan die relevante lede.

### IS DAAR 'N VERSLAG WAARMEE EK AAN DIE MARK KAN BEWYS DAT EK DIE SBV VOLTOOI HET?

Ja, jy kan 'n PDF weergawe van die voltooide SAQ as bewys kry. Die data analise- en raporteringsfunksies word tans nog ontwikkel deur die IT diensverskaffer. Hierdie funksionaliteit sal teen vroeg 2018 beskikbaar wees, maar indien jy 'n verslag voor dan benodig, kontak asb. vir SIZA en ons sal kyk of ons 'n ander oplossing kan vind.

### HOE VIND EK MEER HIEROOR UIT?

Ons beplan 'n reeks inligtingsessies vir 2018 wat in die SIZA Nuusbrief aangekondig sal word. Wees dus op die uitkyk vir 'n sessie naby jou in enige van die produksie-areas en kontak die organiseerders om seker te maak jy woon hierdie geleentheid by.

Kontak SIZA by 086 1111 568 of e-pos info@siza.co.za vir meer inligting.

# SIZA LIDMAATSKAP

'n Nuwe Lidmaatskapkategorie vir Kleinboere - Vlak 1C

SIZA het 'n nuwe lidmaatskapvlak (Vlak 1C) op die Platvorm daargestel om kleinboere te ondersteun om hulself te maatstaf teenoor die SA arbeidswet en om te voldoen aan plaaslike en internasionale markvereistes. Sodoende kan SIZA die opkomende boere monitor oor 'n drie-jaar-lange periode wat vir hulle meer tyd te gee om hul produksie op te stoot en om hulle voor te berei vir omgewingsnakoming en volhoubaarheid. Die doel hiervan is uiteindelik om kleinboere se marktoegang te verbeter as deel van die strewe na volhoubare besighede.

In samewerking met ABSA, Wes-Kaapse Departement van Landbou en onafhanklike, SIZA-geakkrediteerde opleidingsinstansies het SIZA in 2016 begin met 50 kandidate wat gekies is uit 118 opkomende sitrusboere in Limpopo, Mpumalanga, die Oos-Kaap, Noordwes en KwaZulu-Natal, asook 23 kleinboere in die Wes-Kaap.

Opleiding in die basiese beginsels van etiese handel het oor die afgelope twee jaar plaasgevind en die program bestaan uit die volgende:

- Opleiding in etiese handelspraktyke
- Pre-oudit assessering
- Registrasie op die SIZA Platvorm
- Hulp met pre-oudit assessering om enige tekortkominge in die nakoming van die SIZA Standaard aan te spreek
- Voltooiing van die selfbeoordelingsvraelys (SAQ)
- Sosiale/etiese oudits indien aangevra en as die produsent gereed is

Die SIZA derdeparty sosiale outditprogram is nie 'n slaag/druip oefening nie. Die doel is liewer om areas te identifiseer waar die plaas/fasiliteit nie voldoen aan vereistes nie en waar regstellende aksies en verbetering benodig word. Die program gebruik die SIZA Ouditfrekwensiematriks om hierdie aanslag te ondersteun met vier risikokategorieë: Platinum, Goud, Silwer en Brons, waar die Platinum kategorie die strengste kriteria bevat. Die SIZA lid word dus beoordeel volgens hierdie risikokategorieë en kan die reg verkry om op te skuif na 'n hoër kategorie (waarin oudits minder gereeld vereis word). Dit vul egter ook die sisteem aan met 'n reeks hulpmiddels bo en behalwe die oudit wat, indien dit gesamentlik eerder as in isolasie gebruik word, die produsent sal voorsien met meer dekking en risikobestuur tussen oudits, wat die program meer kragtig maak. Die SIZA program het reeds heelwat aktiwiteite en aksies geïdentifiseer wat in plek gestel sal word om risiko te beheer en te bestuur. Die derdeparty oudit maak 'n deel hiervan uit, maar die aktiwiteite tussen oudits ondersteun volhoubare verbetering.

Die opleidingsmaatskappye werk saam met produsente om hulle nakoming te verbeter tot by die punt waar hulle gereed is vir 'n derdeparty oudit. Met beter nakoming van vereistes kan kleinboere hulle produksiekapasiteit verhoog en hulself voorberei vir groter maktoegang in hul strewe na volhoubare besighede. Opleidingsmaatskappye sal dus deurlopend ondersteuning bied aan die kleinboere totdat hulle die vereiste nakomingsvlakke bereik het wat deur die plaaslike en internasionale markte daargestel word.

SIZA nooi alle kleinboere uit om as Vlak 1C lede op die Platvorm te registreer sodat ons u kan help om nakomingsvereistes te behaal. Vlak 1C lidmaatskap word deur SIZA gesubsidieer.

Indien u hulp met die registrasieproses nodig het, kontak asb. vir Lynn Taute by die SIZA kantoor (info@siza.co.za).

# SIZA OUDITFREKWENSIE

Die SIZA etiese program is verbeteringsgedrewe liewer as ouditgedrewe en gebruik die SIZA Ouditfrekwensiematriks om hierdie aanslag te ondersteun. Die landbou-omgewing is vinnig besig om te verander en daarom is 'n besluit geneem om die ouditfrekwensie-kategorieë vanaf die 1ste Mei 2017 te verander na Platinum, Goud, Silwer en Brons, waar Platinum nie meer 'n vyf-jaar ouditperiode sal dra nie, maar slegs vir drie jaar. Die SIZA Ouditfrekwensiematriks is op SIZA se webtuiste beskikbaar ter insae:

https://siza.co.za/wp-content/uploads/2017/03/SIZA-Audit-Frequency-Matrix-May-2017-final.pdf

SIZA het die vyf-jaar ouditperiode aangepas na 'n maksimum van drie jaar en ons is bewus daarvan dat sommige markte nie gemaklik is met die vyf-jaar ouditperiode wat in die verlede toegestaan was nie. Ons bevestig ook weer dat ons SIZA se strukture, beleide en prosesse oor die afgelope twee jaar aangepas en verbeter het met strenger oorsigpraktyke vir oudits. Produsente moet dus hulle ondersteunende dokumentasie aanpas en her-oudits oorweeg sodat hulle kan seker wees hull voldoen steeds aan die opgegradeerde standaarde en prosedures.

*Let wel: Alle lede wat nog die oorspronklike vyf-jaar bevestigingsbrief het en wat nie oor die afgelope twee jaar geoudit was sedert die Platvorm voltooi is nie, word aangemoedig om seker te maak by hulle aankopers of hul ouditfrekwensie-vereistes en SIZA se bevestigingsbrief nog geldig en aanvaarbaar is.*

*Groothandelaars wat ongemaklik is met die aanvanklike vyf-jaar ouditfrekwensie moet asb. vir hulle verskaffers kennis gee dat hulle meer gereelde oudits van hul verskaffersbasis verlang.*

SIZA het reeds aktiwiteite en aksies in plek gestel om risiko in hierdie verband te verminder en te bestuur, maar in die vining-veranderende omgewing weet ons dat baie dinge binne vyf jaar kan verander. Terwyl derdeparty oudits steeds 'n belangrike deel van SIZA is, ondersteun ons ook die onderliggende beginsels van deurlopende verbetering wat verder as net oudits strek.

**5 na 3 jaar**



# REGVERDIGE ARBEIDSPRAKTYKE (GEDWONGE EN GEBONDE ARBEID)

*Stronger Together* het 'n nuwe wêreldwye projek van stapel gestuur om verantwoordelike arbeidspraktyke in die vrugte- en wynbedrywe van Suid-Afrika te bevorder. Die projek word befonds deur die *United Kingdom Home Office Modern Slavery Innovation Fund* en word uitgevoer in samewerking met die *Wine and Agricultural Ethical Trade Association* (WIETA) en *The Sustainability Initiative of SA* (SIZA). Die projek wil meer betrokkenheid bevorder en bewerkstellig tussen besighede oor wêreldwye voorsieningskettings heen. Dit sal Suid-Afrikaanse besighede ondersteun om verantwoordelik op te tree deur hulle toe te rus met kennis, vaardighede en hulpmiddels om 'n positiewe werksomgewing te skep en om gedwonge arbeid binne hul eie strukture en dié binne hulle voorsieningskettings te identifiseer en aan te spreek. Die projek het 'n inklusiewe, multi-rolspeler aanslag om die wyer kwessie van gedwonge arbeid in waardekettings te verstaan, en om meganismes te identifiseer waardeur dit proaktief aangespreek kan word.

*Stronger Together* en die projek se befondsers voorsien die volgende proses:

- 'n Aanvanklike navorsingsfase om inigting te bekom wat die program sal ondersteun en insig sal gee oor die omvang en aard van die kwessie van verantwoordelike werwing en gedwonge arbeid in die vrugte- en wynbedrywe van Suid-Afrika
- 'n Omvattende, geïntegreerde reeks opleidingsessies (van aangesig tot aangesig) asook aanlyn opleidingsessies en geleenthede om ondervinding en inligting te deel
- Die ontwikkeling van praktiese en spesifieke hulpmiddels om besighede te lei en te help om verantwoordelike indiensneming te bevorder
- Die ontwikkeling van 'n regstellende hulpmiddel om enige besigheid in staat te stel om werknemers en voornemende werkenemers te identifiseer wat dalk onderworpe is aan gedwonge arbeid, om hulle te help om die dienste en ondersteuning te bekom wat hulle benodig

Caroline Poole is deur WIETA aangestel om die projek in Suid-Afrika te dryf (in beide die vrugte- en wynbedrywe). Voldoening aan die vereistes t.o.v. moderne slawerny is nie net 'n voorvereiste vir toegang tot die VK mark nie, maar dit is ook wetgewing. Opleiding in die vrugte- en wynbedrywe is geborg en sal dus gratis aangebied word.



Vir hulp of navrae oor die SIZA Platvorm:

SIZA hulplyn: Logan Terhoeven, 086 1111 568
E-pos: info@siza.co.za

